



It starts with a story...

The power of stories

Sharing stories comes as naturally to human beings as eating and sleeping. In fact, a lot of the time our brains even "think" in stories! It doesn't matter whether we are children or adults, we all tell stories about ourselves and others. Sometimes those stories just stay in our heads and sometimes we share them with the people in our lives. We use stories to explore our lives – past and present – and to dream about our future. Stories allow us to make sense of our own lives and to connect with family and friends.

But there are other stories too. Stories that transport us into the lives of people we've never met, who

come from long ago or from places we have never visited. Stories that carry us away to imaginary worlds where real-life fades and fantasy takes over. Stories with characters we get to know as "real" people. Stories that makes us laugh and cry, and feel a little sad when we come to the end of them.

Reading and telling stories with the children in your life is one of the most powerful gifts you can give them. The stories we hear and read as children help to shape us. But there are lots of other benefits of sharing stories with children too. Here are a few.

★ Sharing stories helps us to bond with our children. It lets them know that we think they are important enough to make the time to tell and read stories with them.

- ★ Stories help develop their imagination and creativity.
- ★ Stories help to develop children's language and thinking, especially when they hear or read them in their home languages.
- ★ Stories provide children with examples of how people meet the challenges that face them.
- ★ Children who enjoy being read to at home, are more likely to be motivated to read themselves. When children are motivated, they learn more easily.

Stories have the power to change us and the way we see the world. When we share stories with our children, stories can do the same for them.

Die mag van stories

Om stories met mekaar te deel is vir mense so natuurlik soos eet en slaap. Trouens, dikwels "dink" ons breine selfs in stories! Dit maak nie saak of ons kinders of grootmense is nie, ons vertel almal stories oor onself en ander mense. Soms bly daardie stories net in ons koppe, en soms deel ons hulle met die mense in ons lewens. Ons gebruik stories om ons lewens te verken – die verlede en die hede – en om oor ons toekoms te droom. Stories maak dit vir ons moontlik om sin te maak van ons eie lewens en om bande met familie en vriende te bou.


Maar daar is ook ander stories. Stories wat ons wegvoer na die lewens van mense wat ons nog nooit ontmoet het nie, wat van lank gelede kom, of van plekke wat ons nog nooit besoek het nie. Stories wat ons wegvoer na denkbeeldige wêreldes waar die werklike lewe vervaag en fantasie oorneem. Stories met karakters wat ons as "regte" mense leer ken. Stories wat ons laat lag en huil, en wat ons effens hartseer laat voel wanneer ons aan die einde daarvan kom.

Om vir jou kinders stories te lees en te vertel is een van die kragtigste geskenke wat jy vir hulle kan gee. Die stories wat ons as kinders hoor en lees, help om ons te vorm. Maar daar is ook baie ander voordele wanneer ons stories met kinders deel. Hier volg 'n paar.

- ★ Om stories te deel help om 'n band met ons kinders te bou. Dit sê vir hulle ons dink hulle is belangrik genoeg dat ons tyd sal maak om saam met hulle stories te lees en te vertel.
- ★ Stories help om hulle verbeelding en kreatiwiteit te stimuleer.
- ★ Stories help om kinders se taal en denke te ontwikkel, veral wanneer hulle dit in hul huistale hoor of lees.

- ★ Stories gee vir kinders voorbeelde van hoe mense die uitdagings waarvoor hulle te staan kom, hanteer.
- ★ Kinders wat dit geniet as daar by die huis vir hulle gelees word, sal meer gemotiveerd wees om self te lees. Wanneer kinders gemotiveerd is, leer hulle makliker.

Stories het die mag om ons, en die manier waarop ons die wêreld sien, te verander. Wanneer ons stories met ons kinders deel, kan die stories dieselfde vir hulle doen.




INSIDE Win a R100 gift card from Jet!
BINNE Wen 'n R100-geskenkbewys van Jet!



Drive your imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.





What do you think?

We try to fill each edition of the **Nal'ibali** supplement with stories, information and ideas that inspire you to share stories with children in different ways. We'd like to know what you think of the last eight supplements (published during the third school term) and to find out how you used them. Please take a moment to complete the survey alongside. For completing it, we will send you a book to enjoy with your children!

Send your completed survey form to The Campaign Manager, PRAESA, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, Cape Town 7700; or fax it to 021 448 0991; or email it to info@nalibali.org. You can also complete the form on-line by going to www.nalibali.org.



Wat dink jy?

Ons probeer elke uitgawe van die **Nal'ibali**-bylae met stories, inligting en idees vul wat jou sal inspireer om op verskillende maniere stories met kinders te deel. Ons wil graag weet wat jy van die afgelope agt bylaes (tydens die derde skoolkwartaal uitgegee) gedink het, en wil graag hoor hoe jy dit gebruik het. Staan asseblief 'n tydjie af om die vraelys langsaan in te vul. As jy dit voltooi, sal ons vir jou 'n boek stuur wat jy saam met jou kinders kan geniet!

Stuur jou voltooide vraelys aan Die Veldtogbestuurder, PRAESA, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wyecroftweg, Mowbray, Kaapstad 7700; of stuur 'n faks aan 021 448 0991; of 'n e-pos aan info@nalibali.org. Jy kan ook die vraelys aanlyn invul deur te gaan na www.nalibali.org.

Nal'ibali supplement survey (supplements 70 to 77)

Your name and surname: _____
Address and contact number: (Please fill this in so we can send you a book.) _____
Name of reading club/NGO/school: _____
Province: Eastern Cape Free State Gauteng KwaZulu-Natal Limpopo Western Cape

- How do you get your Nal'ibali supplement each week?**
 - From my Nal'ibali Cluster Mentor, Story Sparker or Reading Club Leader
 - It is delivered to me for free from PRAESA
 - Through my subscription to Times Media
 - When I buy the newspaper
 - From my employer
 - From a friend/family member
- Where do you use your supplement?**
 - In my reading club
 - With my class
 - At my library
 - At home with my children
 - At my ECD centre/crèche
- Did you cut out any of the stories from the supplements?**
 - Yes
 - No
- What is your favourite part of the supplement? (Please choose only one answer.)**
 - The front page literacy article
 - The cut-out-and-keep book
 - The story activities (Get Story Active/Get Creative)
 - The Story Corner story (back page)
 - The Reading Club Corner
- Which was the children's favourite part of the supplement? (Please choose only one answer.)**
 - The cut-out-and-keep book
 - Your Story
 - The colouring-in activities and/or puzzles
 - The Story Corner story (back page)
- Which of these stories did your children like the most?**
 - Books are friends
 - Young Lion and Little Brown Monkey
 - Refilwe
 - It wasn't me
 - Tuft and Patch play games
 - I know that!
 - Theo and the cat burglar
 - Shorty & Billy Boy
- Did you visit the Nal'ibali website/mobisite, Facebook page or Twitter page after reading the supplement?**
 - Yes
 - No
- Have you noticed an improvement in your children's reading/writing skills while using the supplement?**
 - Yes
 - No

Vraelys oor Nal'ibali-bylae (Bylaes 70 tot 77)

Jou naam en van: _____
Adres en kontaknommer: (Vul dit asseblief in sodat ons vir jou 'n boek kan stuur.) _____
Naam van leesklub/NRO/skool: _____
Provinsie: Oos-Kaap Vrystaat Gauteng KwaZulu-Natal Limpopo Wes-Kaap


- Hoe ontvang jy elke week jou Nal'ibali-bylae?**
 - Van my Nal'ibali-leesklubmentor, Storiestoker of Leesklub-leier
 - Dit word gratis by my afgelewer deur PRAESA
 - Ek ontvang dit, want ek is 'n intekenaar van Times Media
 - Wanneer ek die koerant koop
 - Van my werkgewer
 - Van 'n vriend/familielid
- Waar gebruik jy jou bylae?**
 - By my leesklub
 - In my klas
 - By my biblioteek
 - Tuis saam met my kinders
 - By my VKO-sentrum/crèche
 - As deel van my NRO/opvoedingsprogram
- Het jy enige van die stories uit die bylaes uitgeknipt?**
 - Ja
 - Nee
- Wat is jou gunstelingdeel van die bylae? (Kies asseblief slegs een antwoord.)**
 - Die artikel oor geletertheid op die voorblad
 - Die knip-uit-en-bêreboekie
 - Die storie-aktiwiteite (Raak doenig met stories/Wees kreatief)
 - Die Storiehoekie-storie (agterblad)
 - Die Leesklubhoekie
- Wat was die kinders se gunstelingdeel van die bylae? (Kies slegs een antwoord.)**
 - Die knip-uit-en-bêreboekie
 - Jou Storie
 - Die inkleuraktiwiteite en/of raaisels
 - Die Storiehoekie-storie (agterblad)
- Van watter van hierdie stories het jou kinders die meeste gehou?**
 - Boeke is maats
 - Leeutjie en Bruin Apie
 - Refilwe
 - Dit was nie ek nie
 - Donsie en Lappies speel spelletjies
 - Ek weet dit!
 - Theo en die kattedief
 - Fielies en Pote
- Het jy die Nal'ibali-webwerf/-selwerf, Facebook-blad of Twitter-blad besoek nadat jy die bylae gelees het?**
 - Ja
 - Nee
- Het jy 'n verbetering in jou kinders se leesvermoë/skryfvaardighede raakgesien terwyl jy die bylae gebruik het?**
 - Ja
 - Nee

Create your own cut-out-and-keep book

- Take out pages 3 to 6 of this supplement.
- Fold it in half along the black dotted line.
- Fold it in half again.
- Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

- Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
- Vou dit op die swart stippellyn.
- Vou dit weer in die helfte.
- Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Musa is besig om die heining reg te maak. Hy het 'n rol draad by hom. Dit is net wat Jojo nodig het.

“Toe kom Musa vrugte koop. “Sal jy vir my van jou draad gee as ek vir jou hierdie mango gee?” vra Jojo, al weet hy Ouma sal baie kwaad wees.

“Gaan jy ook inskryf vir die kompetisie?” vra Musa.

“Ja,” sê Jojo. “Maar ek sukkel om draad in die hande te kry.”

“Jou ouma het die geld vir hierdie mango nodig,” sê Musa. “Maar ek weet jy werk baie hard om haar te help, en daarom sal ek vir jou 'n stuk draad gee om jou draadkar mee te bou, en ek sal ook vir jou my tang leen!”

Musa was fixing the fence. He had a roll of wire. It was just what Jojo needed.

Then Musa came to buy some fruit. “Will you let me have some wire if I give you this mango?” asked Jojo, knowing Granny would be very cross.

“Are you entering the competition too?” asked Musa.

“Yes,” said Jojo. “But it’s difficult for me to find wire.”

“Your granny needs the money for this mango,” Musa said. “But I know you work very hard to help her, so I’ll give you a piece of wire to make your car and I’ll lend you my pliers!”



“Where can I get more wire?” he asked Yola.


“Look what I’ve brought for you!” she said.

“Thank you very much!” said Jojo.

“Waar kan ek nog draad kry?” vra hy vir Yola.


“Kyk wat het ek vir jou gebring!” sê sy.

“Baie dankie!” sê Jojo.



My first book of

Satisfy the curious and creative minds of the young ones



Text in English, Afrikaans, Zulu and Xhosa


Collect them all!



Ask your folks to sign you up at www.randomhousestruik.co.za/natureclub
It's free to join our Struik Nature Club




Jojo's wire car Jojo se draadkar



Veronica Lamond

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Toe Jojo tyd het om na die ashoop te gaan, kry hy net een stuk draad, twee leë koeldrankblikkies en agt gebuigde fietswielspeske. Al die ander kinders was voor hom daar.

Waar Jojo ook al gaan, sien hy almal ywerig besig om aan hulle draadkarre te werk.




By the time Jojo was able to go to the dump, he could find only one piece of wire, two empty drink cans and eight bent bicycle spokes. All the other children had been there before him.

Wherever Jojo went, he saw everyone busily making their carts.




Daardie aand maak Jojo 'n onderstel uit die fietsspeske. Hy sny die blikkies op en gebruik die ronde stukke vir die wiele. Hy gebruik 'n houtblok en 'n klip om die draadhangars te kap en te buig sodat hy twee vorms vir sy draadkar het.



Die volgende dag, op pad huis toe na skool, tel Jojo ou botteldoppies en ander stukke plastiek op wat hy kan gebruik.

“Jy sal saans moet werk, Jojo, wanneer jy jou huiswerk en draadkar begin maak!” sê Jojo.

“Kyk, Ouma, nou kan ek my



“You’ll have to work at night, Jojo, when your homework and jobs are done,” she said.

“The next day, on his way home from school, Jojo picked up old bottle tops and other bits of plastic that he could use. That night Jojo made a chassis out of the bicycle spokes. He cut up the cans and fitted the ends together to make the wheels. He used a block of wood and a stone to hammer and bend the coat hangers into two shapes for a truck.


“Look, Granny, I can start making my cart!” said Jojo.

Jojo hardly had any time to play. Every day he had to walk a long, long way to school, and a long, long way back home again. His granny had a very sore foot so she couldn’t walk properly. Jojo had to help her with all the jobs around the home.

“Take this fruit, Jojo,” said Granny. “Go and sell it by the roadside. We need money for your school books.”

Jojo het skaars tyd om te speel. Hy moet elke dag baie ver skool toe stap, en weer baie ver terugstap huis toe. Sy ouma het 'n baie seer voet, en kan nie behoorlik loop nie. Jojo moet haar met al die takies in en om die huis help.

“Neem hierdie vrugte, Jojo,” sê Ouma. “Gaan verkoop dit langs die pad. Ons het geld nodig vir jou skoolboeke.”



Now it was quick to get to school on the bike and Jojo was no longer tired when he got home. He enjoyed his schoolwork and did very well in class.


“Look, Granny, I can use my bike to help me with my jobs and earn money for my books!” he said.


And he also had plenty of time to play!

Nou is dit vinnig om met die fiets by die skool te kom, en Jojo is nie meer moeg wanneer hy by die huis kom nie. Hy geniet sy skoolwerk en hy vaar baie goed in die klas.

“Kyk, Ouma, ek kan my fiets gebruik om my met my take te help, en geld verdien vir my boeke!” sê hy.

En nou het hy ook baie tyd om te speel!





When Jojo got home from school the next day, he found Yola cleaning out the hen house for him. "I've come to help you," she said. "Judging day is tomorrow, so you don't have much time to finish your car."

Jojo worked late into the night. Then he fell fast asleep. "Your mother would have been proud of you," whispered Granny, as she covered him up.

Toe Jojo die volgende dag na skool by die huis kom, is Yola besig om die hoenderhok vir hom skoon te maak. "Elk het jou kom help," sê sy. "Die beoordeling is môre, en jy het nie meer baie tyd oor om jou draadkar klaar te maak nie."

Jojo werk tot laat in die nag. Toe raak hy vas aan die slaap. "Jou ma sou trots gewees het op jou," fluister Ouma toe sy hom toemaak.



While he was feeding the hens, Jojo saw an old piece of wire poking out from under the hen house.

"I can use this!" he said, pulling it out.

Terwyl hy die henne kos gee, sien Jojo 'n ou stuk draad onder die hoenderhok uitsteek.

"Ek kan dit gebruik!" sê hy, en trek dit uit.

Fold

Everyone watched as the judges made up their minds.

"First prize goes to Chebel!" said Mr Gilema. "Second prize goes to Jojo and he wins the bicycle!"

Almal kyk terwyl die beoordelaars besluit.

"Eerste prys gaan aan Chebel!" sê mnr. Gilema. "Tweede prys gaan aan Jojo en hy wen die fiets!"




Fold


Jojo took an old cloth and laid out his little stall next to Yola. The other children played happily in the street.

"I wish I had time to play with them," thought Jojo.

Jojo sprei 'n lap oop en rig sy klein stalletjie langs Yola in. Die ander kinders speel lekker in die straat.

"Ek wens ek het tyd gehad om met hulle te speel," dink Jojo.





“Ek wil ’n draadkar maak, Ouma!”
sê hy.
“Maar jy het nie genoeg tyd om
draad te gaan soek nie,” sê sy.
“Hou op droom, my seun. Die
hoenders moet kos kry en jy moet
die groentetuin gaan omspit.”
“As ek vinnig werk,” dink Jojo,
“is daar dalk genoeg tyd om ’n
draadkar te maak!”

Toe Jojo al die vrugte verkoop het, hardloop hy huis toe.

When Jojo had sold all the fruit, he ran home.
“I want to make a wire car, Grammy!” he said.
“But you don’t have enough time to find wire,” she said.
“Stop dreaming, my boy. The chickens need feeding and you
must dig the vegetable garden.”
“If I do my work quickly,” thought Jojo, “there might be
time to make a car as well!”



Jojo word die volgende oggend vroeg wakker.
“Jy kan jou take later doen,” sê Ouma. “Nou moet jy jou
draadkar klaarmaak.”
Jojo werk vinnig – hy maak ’n lang handvat sel aan sy draadkar vas,
en toe maak hy ’n sloophaak met die laaste stukkie draad.
“Ek het nog ’n stukkie draad nodig om ’n klein hakie vir die
sloophaak te maak,” sê hy. “Maar ek het niks draad oor nie!”

Jojo woke up early the next morning.
“You can do your jobs later,” said Grammy. “You must finish your
car now.”
Jojo worked quickly – he wired a long handle onto his car, then he
made a little crane with the last bits of wire.
“I need one more little piece to make a hook for the crane,” he said.
“But I’ve got no wire left!”

Mr Gilema drove up in his bakkie and pinned up a notice. All the children began to read it.

Mnr. Gilema kom met sy bakkie aangery en plak ’n kennisgewing op. Al die kinders begin dit lees.

Wire car competition

For all children under 10 years old

First prize: 2 years free schooling

Second prize: bicycle

Third prize: full sports kit

Judging will take place outside Mulah Stores at
9 a.m. on 25 March. Good luck everyone!

Draadkar-kompetisie

Vir alle kinders jonger as 10 jaar

Eerste prys: 2 jaar gratis skoolopleiding

Tweede prys: fiets

Derde prys: volledige sportuitrusting

Die beoordeling sal om 9 vm. op 25 Maart buite
Mulah Stores plaasvind. Sterkte almal!


“Here,” said Granny, “take this.” She took off the big safety pin from her apron and gave it to him to use. It was perfect!

“Run now!” she said. “The other children have already gone to the competition.”



“Hier,” sê Ouma, “vat dit.” Sy haal die groot haakspeld van haar voorskoot af en gee dit vir hom om te gebruik. Dis perfek!

“Weg is jy!” sê sy. “Die ander kinders is al op pad na die kompetisie toe.”





Story stars

Reading aloud to inspire

Author and illustrator of this week's cut-out-and-keep book, Veronica Lamond, recently visited South Africa to spend time reading her book to children. We got a chance to speak to her when she visited one of the reading clubs in the Nal'ibali network, Vulindlela Reading Club in Langa, Cape Town.

Have you always been a children's book writer and illustrator?

I have always wanted to be, but I worked as a medical secretary for a long time before I started creating children's books! I wrote and illustrated my first book in the evenings after work and over weekends because I was working full-time at a medical centre near where I live. Now I mostly work on children's books and spend only one day a week working at the centre!

Why is reading so important for children?

Through reading, children can experience different situations and experience feelings that feed their imaginations. Also, spending quiet time reading a book helps them to escape from the rush of everyday life.

What inspired you to write *Jojo's wire car*?

My book is a tribute to children all over Africa, who make wire cars. They are so creative and skilled! I also wanted to pay tribute to the wonderful grannies everywhere who look after their grandchildren.

What did stories mean to you as a child?

I lived in those stories and they coloured my childhood.

Complete the sentence: Life without stories would be ...

... strangely unimaginative!



Veronica Lamond reading to the children of Vulindlela Reading Club
Veronica Lamond lees vir die kinders van Vulindlela-leesklub

Go to

www.youtube.com/TheNalibaliChannel to watch our interview with Veronica during her tour to South Africa.

Gaan na www.youtube.com/TheNalibaliChannel om na ons onderhoud met Veronica te kyk tydens haar toer in Suid-Afrika.

Storiesterre

Lees hardop om ander te inspireer

Die skrywer en illustreerder van hierdie week se knip-uit-en-bêreboekie, Veronica Lamond, het Suid-Afrika onlangs besoek om haar boek vir kinders voor te lees. Ons het 'n kans gekry om met haar te gesels toe sy een van die leesklubs in die Nal'ibali-netwerk, Vulindlela-leesklub in Langa, Kaapstad, besoek het.

Was jy altyd 'n kinderboekskrywer en -illustreerder?

Ek wou altyd wees, maar ek het vir 'n lang tyd as 'n mediese sekretaresse gewerk voordat ek kinderboeke begin maak het! Ek het my eerste boek saans na werk en oor naweke geskryf en geïllustreer, want ek het voltyds gewerk by 'n mediese sentrum, naby my huis. Nou werk ek meestal aan kinderboeke en bring net een dag per week by die sentrum deur!

Waarom is lees so belangrik vir kinders?

Deur te lees kan kinders verskillende situasies en gevoelens ervaar wat hulle verbeelding voed. Om 'n stil tydjie met 'n boek deur te bring help hulle ook om 'n bietjie weg te kom van die gejaagdheid van die daaglikse lewe.

Wat het jou geïnspireer om *Jojo se draadkar* te skryf?

My boek is 'n huldeblyk aan kinders oral in Afrika, wat draadkarre maak. Hulle is so kreatief en vaardig! Ek wou ook hulde bring aan die wonderlike oumas oral oor wat hulle kleinkinders versorg.

Wat het stories vir jou as kind beteken?

Ek het in daardie stories gewoon en hulle het my kinderjare ingekleur.

Voltooi die sin: 'n Lewe sonder stories sal ...

... vreemd verbeeldingsloos wees!

Know your Nal'ibali characters

The Nal'ibali characters provide an easy and fun way of showing how we all use reading and writing in our everyday lives. Over the next six supplements we are offering you the opportunity to get to know the Nal'ibali characters better and to find out more about how children learn to read and write. And here's the bonus ... if you enter the competition in each supplement, you could win a gift card from Jet! So look out for the "Know your Nal'ibali characters" feature in each supplement from now until the end of 2014.

Bella is 5 years old. She lives with her mom and dog, Noodle. Bella loves listening to stories being told or read to her. She also likes looking at the pictures in books by herself and telling her own stories. Bella loves all animals – not only Noodle – so she likes stories about animals.



Ken jou Nal'ibali-karakters

Die Nal'ibali-karakters bied 'n maklike en prettige manier om te wys hoe ons almal lees en skryf in ons daaglikse lewe gebruik. In die volgende ses bylaes gee ons jou die geleentheid om die Nal'ibali-karakters beter te leer ken en om meer uit te vind oor hoe kinders leer lees en skryf. En hier's die bonus ... as jy vir die kompetisie in elke bylae inskryf, kan jy 'n geskenkbewys van Jet wen! Kyk dus uit vir "Ken jou Nal'ibali-karakters" in elke bylae van nou tot aan die einde van 2014.

Bella is 5 jaar oud. Sy woon saam met haar ma en hond, Noodle. Bella hou daarvan om te luister na stories wat vir haar vertel of gelees word. Sy hou ook daarvan om op haar eie na die prente in boeke te kyk en haar eie stories te vertel. Bella is dol oor alle diere – nie net Noodle nie – en daarom hou sy van stories oor diere.

Win! Wen!

To stand a chance of winning one of four Jet Gift Cards worth R100 each, send us the word "**Bella**" and the title of a children's book about animals. Email your answer to letters@nalibali.org or SMS it to 32545 (standard data rates apply). Competition closes on 6 November 2014.

Om in aanmerking te kom vir een van ons vier Jet-geskenkbewyse ter waarde van R100 elk, stuur vir ons die woord "**Bella**" en die titel van 'n kinderboek oor diere. Stuur jou antwoord per e-pos aan letters@nalibali.org, of stuur 'n SMS na 32545 (standaard-datatariewe geld). Kompetisie sluit op 6 November 2014.



Jet Club

Clue: Visit the "Recommended reads" section on the Nal'ibali website (www.nalibali.org) for a list of recommended children's books about animals.

Leidraad: Gaan na die "Recommended reads"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf (www.nalibali.org) vir 'n lys aanbevole kinderboeke oor diere.

Terms and conditions: To enter, you must be 16 years or older. Employees of PRAESA are not eligible to enter.
Bepalings en voorwaardes: Om in te skryf moet jy 16 jaar of ouer wees. Werknemers van PRAESA mag nie inskryf nie.

Story corner

Here is the first part of a traditional story about an old woman, who was in a hurry to get home, and her uncooperative pig! Enjoy reading it aloud or retelling it.

The old woman and her pig (Part 1) Retold by Wendy Hartmann

One day an old woman was sweeping her home when she found some money that she had forgotten about. She was so happy that she danced around singing.

"Look at this," she said holding the money up in the air. "Now what shall I do with it? I know! I will go to the market and buy a pig."

So the next day, she went to the market and bought a nice little pig. She put a collar on the pig, tied a string on the collar and began to walk home with it. On the way, they came across a low wooden fence.

The old woman said, "Please, Pig, get over the fence." But the pig would not get over the fence. No matter how she pleaded, the pig would not move.

Just then a dog came trotting up and the old woman said to him, "Dog, Dog! Come here. Please chase this pig. He won't get over the fence and I won't get home tonight."

But the dog would not chase the pig.

So the old woman fetched a bucket of water that was standing just a little way along the fence. "Water, please splash this dog. The dog won't chase the pig. The pig won't get over the fence and I won't get home tonight."

But the water would not splash the dog.

The old woman saw an ox in the distance. When it came closer, she called, "Ox, Ox, please drink the water. The water won't splash the dog. The dog won't chase the pig. The pig won't get over the fence and it is getting dark. It is time the pig and I were at home."

But the ox would not drink the water.

Just then a butcher walked by.

She stopped him and begged, "Butcher, Butcher, please take this ox with you. The ox won't drink the water. The water won't splash the dog. The dog won't chase the pig. The pig won't get over the fence. I can see the moon rising. The pig and I should have been home an hour and a half ago."

But the butcher would not take the ox...

How do you think the old woman is going to get the pig over the fence? Get your supplement next week to find out!

Storiehoekie

Hier volg die eerste deel van 'n tradisionele storie oor 'n ou vrou wat haastig was om by die huis te kom, en haar steeks vark! Geniet dit om dit hardop te lees of oor te vertel.

Die ou vrou en haar vark (Deel 1) Oorvertel deur Wendy Hartmann

Eendag, terwyl 'n ou vrou haar huis uitvee, kom sy af op geld waarvan sy vergeet het. Sy is so bly dat sy ronddans en sing.

"Kyk net hier," sê sy en hou die geld in die lug op. "Wat sal ek hiermee doen? Ek weet! Ek sal mark toe gaan en 'n vark koop."

Die volgende dag gaan sy mark toe en koop 'n oulike varkie. Sy sit 'n halsband om die vark se nek, bind 'n tou aan die halsband vas en begin huis toe stap met die vark. Op pad kom hulle by 'n lae houtheining.

Die ou vrou sê: "Spring asseblief oor die heining, Varkie." Maar die vark wil nie oor die heining spring nie. Al smeed die vrou ook hoe, die vark wil nie roer nie.

Net toe kom 'n hond verbygedraf en die ou vrou sê vir hom: "Hond, Hond! Kom hier. Jaag asseblief hierdie vark. Hy wil nie oor die heining spring nie, en nou sal ek nie vanaand by die huis kom nie."

Maar die hond wil nie die vark jaag nie.

Die ou vrou gaan haal toe 'n emmer water wat 'n entjie van die heining af staan. "Water, spat asseblief hierdie hond nat. Die hond wil nie die vark jaag nie. Die vark wil nie oor die heining spring nie, en ek sal nie vanaand by die huis kom nie."

Maar die water wil nie die hond natspat nie.

Die ou vrou sien 'n os in die verte. Toe hy nader kom, roep sy: "Os, Os, drink asseblief die water. Die water wil nie die hond natspat nie. Die hond wil nie die vark jaag nie. Die vark wil nie oor die heining spring nie, en dit word laat. Dis tyd dat ek en die vark by die huis kom."

Maar die os wil nie die water drink nie.

Net toe stap 'n slagter verby.

Sy gaan staan en pleit: "Slagter, Slagter, neem asseblief hierdie os saam met jou. Die os wil nie die water drink nie. Die water wil nie die hond natspat nie. Die hond wil nie die vark jaag nie. Die vark wil nie oor die heining spring nie. Ek kan al die maan sien opkom. Ek en die vark moes al 'n uur en 'n half gelede by die huis gewees het."

Maar die slagter wil nie die os vat nie...

Hoe dink jy gaan die ou vrou die vark oor die heining kry? Kry volgende week jou bylae en vind uit!



Illustration by Jiggs Snaddon-Wood
Illustrasie deur Jiggs Snaddon-Wood

Find us
on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op
Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

In your next Nal'ibali supplement:

- The benefits of sharing stories with your children
- A cut-out-and-keep book, *Come back, Cat!*
- Enter our "Know your Nal'ibali characters" competition
- The final part of the Story Corner story, *The old woman and her pig*

Are you on Mxit? Download our new improved Nal'ibali app for literacy tips, polls and stories in a range of South African languages to enjoy on your mobile phone. Go to <http://m.mxit.com>. Then, go to **Discover>Apps>Search** and type **nalibali** to get started.



In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Die voordele van lees saam met jou kinders
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie, *Kom terug, Kat!*
- Skryf in vir ons kompetisie, "Ken jou Nal'ibali-karakters"
- Die laaste deel van die Storiehoekie-storie, *Die ou vrou en haar vark*

Is jy op Mxit? Laai ons nuwe, verbeterde Nal'ibali-toep af vir geleetherdwenske, meningspeilings en stories in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale wat jy op jou selfoon kan geniet. Gaan na <http://m.mxit.com>. Gaan dan na **Discover>Apps>Search** en tik **nalibali** in om te begin.

